

Letterkunde
bly dekaan se
eerste liefde

Visekanselier
voorste
in Afrika

Minister prys
NWU-navorsing



INHOUDSOPGAWE

- 2 Waarom Drupal vir die webtuiste?
- 3 Boodskap van die visekanselier
Eish!, 2012 was 'n goeie jaar
- 4 Uitmuntende navorsers word beloon
- 6 Dosente tel onder voorstes in die land
- 7 Visekanselier wys Afrika hoe om te kommunikeer
- 8 Uitnemende alumni gaan erken word
- 9 TRADE identifiseer uitvoergeleenthede vir Suid-Afrika
- 10 Die Klein Romein is 'n man van vele talente
- 12 Fokus op ... Diefstal by die NWU
- 13 Kampusnuus: Mafikeng
- 14 Kampusnuus: Potchefstroom
- 15 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 16 NWU-kundiges ken hul storie
- 17 En die wenner is ...
- 18 Mense wat myle stap
- 19 Menseregte raak almal



Voorblad: Prof Melville Saayman van die Potchefstroom-kampus is vanjaar vir die tweede agtereenvolgende jaar as die NWU se Mees Produktiewe Navorsers bekroon. Lees meer oor die navorsingstoekennings op p 4 en 5.

Waarom Drupal vir die webtuiste?

Iets wat so omvattend is soos die inhoud van die NWU se webtuiste – al 12 500 bladsye daarvan – moet deur 'n goeie inhoudbestuurstelsel (CMS) bestuur word. Daarom dat die NWU Drupal, een van die topvyf oopbron-inhoudbestuurstelsels ter wêreld, gebruik.

'n Inhoudbestuurstelsel is 'n rekenaarprogram waarmee 'n mens inhoud op 'n webtuiste kan publiseer, redigeer en verander. 'n Oopbron-program is 'n program waarvan die sagteware gratis beskikbaar is. Die NWU se webtuiste werk tans met Drupal 6, wat een van die weergawes van Drupal is. Die universiteit ondersoek egter die moontlikheid om oor te skakel na Drupal 7, omdat hierdie weergawe met die Open Academy-installasie spog, wat spesifiek vir universiteite ontwikkel is.

Aanvanklik het die NWU besluit om Drupal as CMS te gebruik nadat 'n lys van verwagtinge van publseerders saamgestel is en daar navorsing gedoen is oor watter CMS die beste aan ons behoeftes as universiteit sal voldoen. Hier is nog 'n paar redes waarom Drupal gewild is:

- As oopbronprogram is die sagteware gratis beskikbaar en universiteite is wêreldwyd besig om hierdie oopbronroete te kies om geld te bespaar.
- Drupal word gebruik deur verskeie prominente Amerikaanse universiteite, insluitende Stanford, Berkley, Michigan State, Brown, Duke en Yale.
- In Suid-Afrika (en ook wêreldwyd) is daar 'n baie aktiewe Drupal-gemeenskap, wat beteken dat hierdie CMS voortdurend ontwikkel word.
- Drupal is 'n volhoubare produk – dit het byna 19 000 modules wat in 228 lande gebruik word, met meer as 21 000 ontwikkelaars en meer as 500 verspreiders.
- Dit pas in by die NWU se infrastruktuur-portefeulje en tegniese argitektuur.
- Drupal fasiliteer publiserings op 'n gebruikersvriendelike wyse, wat beteken dat gebruikers nie tegniese of programmeringsvaardighede nodig het nie.

Redaksionele span: Personeel van Korporatiewe Sake en Verhoudinge, en kommunikasiebeamptes op die kampusse. **Bladuitleg:** Graphikos.

Drukwerk: Ivyline Technologies. **Fotografie:** NWU-kollegas en -diensverskaffers. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:**

Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. *Eish!* word deur die Korporatiewe Sake en Verhoudinge-departement van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die *Eish!* in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.

BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

Beste kollegas

Ons staan aan die einde van nog 'n merkwaardige en vol jaar by die NWU.

Hiermee 'n kort oorsig oor die vernaamste hoogtepunte van ons kernbesigheid oor die afgelope jaar:

- Wat onderrig-leer betref, is daar goeie vordering met die HOKR-projek gemaak. Terwyl die eerste fase eintlik te make het met die tegniese belyning van kwalifikasies met die HOKR en daar 322 nuwe NWU-kwalifikasies ingedien is, lê die tweede fase – wat op die verskillende kurrikulums fokus – nou voor.

Goeie vordering is ook gemaak met die UniPrep-loodsprojek wat verskillende moontlikhede ondersoek om die gereed-

heid van skoolverlaters vir universiteitstudie te verhoog. Ons sien uit na 'n uitbreiding van die projek in 2013.

Ons het 'n stewige groei in studentegetalle beleef: daar is tans om en by 68 000 studente waarvan ongeveer 35 000 kontakstudente en 33 000 afstandstudente is. Ons is ook besig met 'n nuwe inskrywingsbeplanningsiklus vir die periode 2014-2020.

Die Rapport-topdosent-toekennings is vir die derde keer gemaak ná 'n ongelooflike stempersentasie van 40%. Baie geluk aan die 15 kollegas wat elk R50 000 ontvang het.

- Dit was ook wonderlik om erkenning te gee aan ons topnavorsers. Ons ontvang toenemend nasionale erkenning en maak nou deel uit van die sogenaamde "A-groepering" ten opsigte van navorsingsuitsette.

Ons het belangrike lesse geleer met die afgelope internasionale audit van sekere navorsingsentiteite – onder meer dat daar hard gewerk moet word aan die verbetering van die NWU se internasionale navorsingsprofiel. Ek glo die aanvaarding van die Internasionaliseringsraamwerk by die afgelope Senaatsvergadering sal bydra tot die skep van 'n bevorderlike omgewing vir effektiewe internasionalisering.

- Betreffende die kommersialisering van deskundigheid het ons vanjaar voortgegaan om kundigheid op alle vlakke te implementeer ten einde gemeenskapsbehoefes met die klem op volhoubaarheid aan te spreek.
- Wat doeltreffende bestuur betref, is daar hard gewerk aan die NWU-stelselprojek waarby die personeelkomponent- en bekostigbaarheidsprojekte ingesluit is. Die bestuur is vol vertroue dat hierdie projek 'n groot bydrae tot beter bestuursinligting, monitering en verslagdoening sal lewer.

Daar is ook die afhandeling van die NWU-mediabeleid, die implementering van die geïntegreerde handelsmerkstrategie en die aanvaarding van die nuwe slagspreuk – *Dit begin alles hier* – wat baie potensiaal inhou.

Die NWU slaag dus toenemend daarin om die missie om 'n gebalanseerde onderrig-leer en navorsingsuniversiteit te word, en om ons kundigheid op 'n innoverende manier te implementeer, te verwesenlik.

Op hierdie hoë noot wens ek elkeen 'n vreugdevolle en geseënde Kers- en rustyd toe. Baie dankie vir elkeen se harde werk en geniet die welverdiende rustyd ten volle!

Groete

Theuns Eloff

Eish!, 2012 was 'n goeie jaar

Dr Theuns Eloff, die visekanselier, het onlangs gesê alles dui daarop dat 2012 die suksesvolste jaar nog in die geskiedenis van die NWU was.

Die inhoud van hierdie laaste Eish! van die jaar weerspieël hoe NWU-personeellede se prestasies bygedra het om van 2012 'n wen-jaar te maak.

Op p 4 en 5 spog ons met ons voorste navorsers en navorsingsentiteite. Hierdie presteerders het op verskillende terreine uitgeblink en het toekennings ontvang vir navorsing, gemeenskapsverbintenisse en kreatiewe uitsette.

Op p 6 deel ons in die vreugde van ons twee HELTASA-wenners, me Hunadi Rakhudu van Verpleegkunde op die Mafikengkampus en mnr Hannes du Toit van Ingenieurswese op die

Potchefstroomkampus. Op die bladsy langsaan, p 7, kan julle lees van die gesogte IABC-toekening wat dr Theuns ontvang het.

Ook ons alumni hou die NWU se vaandel hoog. Om erkenning aan hulle te gee, het die uitvoerende komitee van die Konvokasie in September besluit om twee toekennings vir alumni in te stel. Lees meer hieroor op p 8 en voltooi gerus die nominasievorm wat by die Eish! ingevoeg is indien jy iemand wil nomineer.

Om te presteer voel weliswaar soms soos opdraande loop, maar die voordeel is dat dié pad 'n mens hoër hoogtes laat bereik. In die lig van die prestasies wat die NWU-gemeenskap in 2012 behaal het, lyk die steeds hoër hoogtes wat in 2013 wag, darem heeltemal haalbaar.



Die redaksie van Eish! sien daarna uit om in die nuwe jaar daarvoor verslag te doen.

Geniet intussen die blaaskans tot volgende jaar.

Feesgroete,

Marelize & Nelia

Uitmuntende navor

Toewyding word beloon – dit was duidelik toe meer as 50 NWU-personelede erkenning ontvang het vir uitnemendheid in navorsing, innovasie, gemeenskapsverbintenis en kreatiwiteit.

Dié toekennings is tydens 'n gala-geleentheid in Potchefstroom op Vrydag, 26 Oktober 2012 gemaak.

Die gasspreker tydens die geleentheid, mnr Derek Hanekom, die minister van Wetenskap en Tegnologie, het die NWU geluk gewens met die groot vordering wat die instelling die afgelope drie jaar gemaak het met die verhoging van sy navorsingsuitsette.

Die minister het gesê dat hy baie tevrede is met die universiteit se getal navorsers wat deur die Nasionale Navorsingstigting gegradeer is en dat die universiteit daarna moet streef om die

poel van gegradeerde navorsers oor al die dissiplines uit te brei.

“Die NWU is goed geposisioneer om die departement se missie te ondersteun om internasionaal-kompeterende navorsing as basis van Suid-Afrika se kennisekonomie te bevorder en om 'n verteenwoordigende arbeidsmag vir wetenskap en tegnologie te skep,” het hy gesê.

TWEDE KEER VEREER

Die hoogtepunt van die aand was ongetwyfeld toe prof Melville Saayman, die direkteur van die navorsingsfokusarea: Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en die Samelewing op die Potchefstroomkampus vir die tweede agtereenvolgende jaar as die Mees Produktiewe NWU-navorsers aangewys is.

Die belangrikste navorsingsdoel van prof Melville is om die kennis van die toerisme-ekonomie te vergroot, met 'n spesiale fokus op

die geleentheidsektor en bewaringstoerisme. Die geleentheid wat ondersoek word, sluit in sport, kuns- en wynfeeste.

Prof Melville kyk na vroeë soos: Wat is die ekonomiese bydrae van die geleentheid? Hoe verskil besteding van een mark na die ander? en: Wat is die bepalers van die besoekersbesteding?

JONG NAVORSER PRESTEER

Prof Karina Mostert van die Skool vir Mensehulpbronwetenskappe op die Potchefstroomkampus het die toekenning ontvang vir die Mees Produktiewe Junior Navorsers van die Jaar.

In haar navorsing het prof Karina die effek van werk-huis-inmenging in die verhouding tussen werkseienskappe en werkverwante welstand onder Suid-Afrikaanse konstruksiewerkers ondersoek.



Prof Eno Ebenso (links) van die Skool vir Wiskundige en Fisiese Wetenskappe op die Mafikengkampus ontvang sy toekenning vir internasionale leierskap in navorsing van prof Herman van Schalkwyk, die rektor van die Potchefstroomkampus.



Dr Christo Venter (links) van die Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe op die Potchefstroomkampus is aangewys as die Mees Aangehaalde Navorsers. Hier ontvang hy sy toekenning van prof Frikkie van Niekerk, Adjunk-visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie. Dr Christo spesialiseer in gammastraal-astronomie.

sers word beloon



Prof Melville Saayman (links), is vir die tweede agtereenvolgende jaar as die NWU se Mees Produktiewe navorser aangewys. By hom is prof Karina Mostert wat die toekenning vir die Mees Produktiewe Junior Navorser ontvang het. Albei navorsers is van die Potchefstroomkampus.



Die toekenning vir die Mees Produktiewe Navorsingsentiteit word gedeel deur twee navorsingsentiteite op die Potchefstroomkampus. Hulle is die WorkWell-navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe onder leiding van prof Jaco Pienaar (links), en die navorsingsfokusarea Sosiale Transformasie onder leiding van prof André Duvenhage (regs).

PRODUKTIWITEIT BELOON

Die toekenning vir die Mees Produktiewe Navorsingsentiteit word gedeel deur die navorsingsfokusarea Sosiale Transformasie onder leiding van prof André Duvenhage op die Potchefstroomkampus en die WorkWell-navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe onder leiding van prof Jaco Pienaar, ook van die Potchefstroomkampus.

Navorsing wat deur Sosiale Transformasie gedoen word, sluit onderwerpe in soos rampstudies, korporatiewe sosiale verantwoordelikheid (byvoorbeeld in die mynbousektor) en korporatiewe bestuur.

WorkWell se navorsing gaan oor onder meer die evaluering van nuwe belastingwette en wysigings, kliënteverhoudings in die lewensversekerings- en lugrederybedryf, besigheids-etiek, entrepreneurskap, die aard van familie-ondernemings, en die uitwerking van fleksietyd op mense se werk/lewe-ewewig.

HULLE STAAN UIT

Prof Esté Vorster van die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding op die Potchefstroomkampus en prof Eno Ebenso van die Skool vir Wiskundige en Fisiese Wetenskappe op die Mafikengkampus het toekennings vir internasionale leierskap in navorsing ontvang.

Die Mees Aangehaalde Navorser was dr Christo Venter van die Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe op die Potchefstroomkampus.

KREATIWITEIT IN DIE KOLLIG

Toekennings is ook gemaak vir kreatiewe uitsette. Hier het prof Hans du Plessis 'n toekenning ontvang vir sy skryfkuns, dr Martinus Botha vir sy bydrae as pianis, en prof Paul Schutte vir sy tekstielwerk.

Prof Franci Greyling, mnr Ian Marley en me Louismarie Combrink het hierdie toekenning ontvang vir die kreatiewe projek "Oor die

einders van die bladsy" wat 'n transdissiplinêre ondersoek was na kunstenaarsboeke.

Al die ontvangers van toekennings vir kreatiewe uitsette is van die Potchefstroomkampus.

DIE GEMEENSAP KOM EERSTE

Die Child Justice Unit, wat deel is van die Regskliniek op die Potchefstroomkampus, en die Omgewingsimpakstudie-pro bono-kantoor van dieselfde kampus, het toekennings vir gemeenskapsverbintenis ontvang.

Die Child Justice Unit, onder leiding van mnr Schalk Meyer en me Endriette Barnard, verskaf regsverteenvoerding aan kinders in 27 dorpe in die Noordwesprovinsie om skending van hul regte te voorkom.

Die Pro bono-kantoor, met prof Francois Retief aan die stuur, verskaf omgewingbestuurkonsultasiedienste, advies en opleiding sonder wins-oogmerk aan munisipaliteite in Noordwes.

Dosente tel onder voorstes in die land

Twee NWU-dosente het nasionale toekennings vir onderriguitnemendheid gekry.

Hulle is me Hunadi Rakhudu van Verpleegkunde op die Mafikengkampus en mnr Hannes du Toit van Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus.

Hulle het toekennings ontvang wat jaarliks gemaak word deur die Higher Education Learning and Teaching Association of Southern Africa (HELTASA) in vennootskap met die Raad op Hoër Onderwys (RHO).

Hunadi is een van vyf ontvangers van die Nasionale Toekenning vir Onderriguitnemendheid en Hannes is een van nege ontvangers van 'n Aanprysing vir Uitnemendheid in Onderrig.

Vir die toekennings is Suid-Afrikaanse hoëronderriginstansies uitgenooi om die name van onderwyskundiges voor te lê. Dié proses het 38 deelnemers opgelewer.

Hierdie deelnemers het daarna 'n portefeulje van bewysmateriaal voorgelê om hul vak-kundige en innoverende onderrigmetodes te demonstreer. 'n Paneel deskundiges het hierdie portefeuljes aan die hand van streng kriteria geëvalueer voordat die weners aangekondig is.

Die toekennings vir uitnemendheid word jaarliks aan vyf topdosente gemaak wat 'n positiewe bydrae gemaak het tot die onderrig van hul studente en betrokke is by hul gemeenskappe deur innoverende en vakkundige metodes.

Die toekennings is ook daarop gemik om 'n groep akademië te skep wat inspirasie en leierskap in onderrig kan verskaf. Die toekennings is amptelik oorhandig by die jaarlikse HELTASA-konferensie wat op 29 November 2012 by die Universiteit van Stellenbosch plaasgevind het.

By hierdie geleentheid het Hunadi die konferensie toespreek oor haar onderrig- en leerbenadering.

Eish! het met die twee HELTASA-wenners gesels. Hier is hulle menings oor onderriguitnemendheid en die eienskappe van 'n goeie dosent:



HELTASA-wenner, me Hunadi Rakhudu van die Mafikengkampus, wil graag sien dat haar studente goeie kommunikasievaardighede ontwikkel en eendag lewenslange leerders word.

HUNADI: As dosent moet jy jou studente se denkwysse verander en hulle toelaat om verantwoordelikheid vir hul eie leerproses te aanvaar. Bied vir hulle die geleentheid om self inligting in te samel en moedig hulle aan om akkurate, onlangse inligtingsbronne te gebruik.

Beplan altyd jou kontakssessies met jou studente en monitor en evalueer altyd alle leeraktiwiteite. Wees geesdriftig, kry studente sover om met mekaar te praat in plaas van net met jou, skep 'n goeie leeromgewing vir die groep, en maak seker hulle stem saam oor leer-aangeleenthede voor die einde van die sessie.

Dit is vir my ook belangrik dat my studente in spanne en klein groepe kan saamwerk, en dat hulle doeltreffende verbale en geskrewe kommunikasievaardighede het.

Uiteindelik moet hulle in staat wees om krities te kan dink, om probleme in die praktyk op te los en om hul kennis en intellektuele vermoëns te gebruik om lewenslange leerders te word.



Vir mnr Hannes du Toit van die Potchefstroomkampus, wat 'n aanprysing vir uitnemende onderrig van HELTASA ontvang het, is dit baie belangrik dat sy studente eendag probleme in die praktyk moet kan oplos.

HANNES: Dit is belangrik dat 'n dosent sy studente aktief betrokke maak in die leerproses. Hulle is beter toegerus as hulle self nuwe horisonne ontdek en antwoorde vir vraagstukke vind.

Dit beteken egter nie dat hulle aan hulself oorgelaat word nie – fasilitering moet steeds leer ondersteun.

Daarby moet 'n dosent sy studente se insig en visie toets. Dit is krimineel om ou vraestelle te herhaal, want dan werk studente net ou vraestelle uit ter voorbereiding vir die eksamen. Dit beroof hulle van ontwikkelingsgeleenthede. Die onderskeidings in vakke waar ou vraestelle herhaal word, is betekenisloos en dra niks by tot die studente se vaardighede nie.

'n Dosent moet ook sy of haar studente help om vaardighede te ontwikkel wat in die praktyk toegepas kan word. Om dit reg te kry, moet jy jou studente met komplekse probleme konfronteer – soortgelyk aan dié wat hulle in hul toekomstige beroepe sal teëkom.

Visekanselier wys Afrika hoe om te kommunikeer

Dr Theuns Eloff, visekanselier van die NWU, is aangewys as vanjaar se ontvanger van die Internasionale Vereniging van Besigheidskommunikeerders (IABC) se "Africa Excellence in Communication Leadership"-toekenning (EXCEL-toekenning).

Die toekenning is op 18 Oktober formeel oorhandig by die galadinee van die IABC Africa 2012-konferensie wat van 17 tot 19 Oktober 2012 by die Vineyard Hotel in Kaapstad gehou is.

Die toekenning is een van die hoogste eerbe- wyse van IABC Africa en word gegee aan 'n senior figuur wat bewys het dat hy of sy kan lei deur middel van doeltreffende kommuni- kasie.

WAT 'N EER

"Ek voel geëerd dat die IABC – met 'n uitste- kende reputasie, kundigheid in besigheidskom- munikasie en internasionale voetspoor – hierdie toekenning gemaak het.

"Meer nog dat hierdie erkenning aan 'n visekan- selier en 'n universiteit gegee is, aangesien dit 'n omgewing is wat nie gewoonlik bekend is vir uitstekende besigheidskommunikasie nie," het dr Theuns gesê toe hy die toekenning ontvang het.

Een van die vernaamste vereistes vir weners van die Excel-toekenning is 'n persoonlike, humoristiese en selflose styl van kommunikasie waarby uiteenlopende groepe mense binne breër gehore aanklank kan vind.

Dit is 'n toekenning wat gemaak word aan 'n persoon wat nie self 'n IABC-lid is nie, maar wat 'n leier in die industrie is, en wat moeite doen om met belanghebbers van regoor die wêreld te kommunikeer.

LUISTER EN LEER

Die toekenning gee erkenning aan aktiewe betrokkenheid en opregte belangstelling daarin om te luister na en te leer by alle mense, sowel as 'n betrokkenheid by intydse aankondigings en besprekings.

Volgens die IABC het dr Eloff erkenning gekry vir sy uitsonderlike leierskaps-, bestuurs- en kommunikasievaardighede.

Sy visioenêre vaardighede het van hom 'n deskundige in hoëronderrysstrategieë en -aangeleenthede gemaak, plaaslik sowel as internasionaal. Sy verbintenis tot die hoog- ste etiese en professionele standaarde en sy deelnemende bestuurstyl word beskou as 'n navolgenswaardige voorbeeld.

IN DIE MEDIA AANGEHAAL

'n Sprekende bewys van dr Theuns se kom- munikasievaardighede blyk uit 'n ontleding wat Newsclip, 'n maatskappy wat mediadekking moniteer, in 2011 gedoen het.

Nadat hulle altesaam 7 730 media-items oor die NWU ontleed het, het hulle gevind dat dr Theuns 120 keer aangehaal is. Hierdie dekking het 'n relatiewe advertensiewaarde van amper R4 miljoen gehad.

Die NWU borg ook die afgelope paar jaar al die Nasionale Persklub se Joernalis van die Jaar- en Redakteur van die Jaar-toekennings.

Die goeie verhouding wat dr Eloff en die NWU met die Nasionale Persklub het, het reeds daartoe gelei dat verskeie netwerk-geleenthede plaasgevind het waar NWU-kundiges aan die media voorgestel is.

VORIGE WENERS

Verlede jaar het die IABC nie die Excel-toeken- ning gemaak nie, aangesien daar nie 'n geskik- te kandidaat was nie. In 2010 het mnr Michael Jordaan, die Hoof- Uitvoerende Beamp- te van Eerste Nasionale Bank, die toekenning ontvang en in 2009 regter Mervyn King.

Die IABC is 'n professionele vereniging vir korporatiewe kommunikeerders en is daarop gerig om die industrie te bevorder deur middel van professionele ontwikkelingsprogramme, navorsing en ondersteuning aan sy lede.

Die vereniging, met sy hoofkantoor in San Francisco, het sowat 15 000 lede wêreldwyd.



Dr Theuns Eloff, visekanselier van die NWU, met die Excel-toekenning wat die Internasionale Vereniging van Besigheidskommunikeerders (IABC) aan hom gemaak het.

Uitnemende alumni gaan erken word

Die NWU is trots op sy alumni en het besluit om van 2013 af amptelike erkenning te gee aan diegene wat persoonlike en beroepsprestasies behaal en uitsonderlike bydraes tot hul gemeenskappe lewer.

Hierdie besluit is geneem tydens 'n vergadering van die uitvoerende komitee van die Konvokasie op 21 September 2012.

"Alumni van die NWU trap jarelang reeds diep spore – nie net in Suid-Afrika nie, maar ook internasionaal," sê adv Jan Henning, die president van die Konvokasie.

"Die NWU is bevoorreg om met so 'n uitgelese belanghebbegroep te kan spog. NWU-alumni blink uit op alle gebiede – vanaf onderrig-leer, navorsing en gemeenskapsdiens, tot op die sportveld. Dit is vir my 'n besondere voorreg as die president van die Konvokasie om u uit te nooi om deel te neem aan die nominasieproses en daardeur te verseker dat ons ons ambassadeurs wat op hoë vlak presteer het, erken.

"Ons wil graag hierdie besondere individue voorhou as 'n rolmodel en inspirasie vir ons huidige studente, om hulle tot hoër hoogtes aan te spoor."

Adv Jan Henning, die president van die Konvokasie, nooi alle permanente personelede uit om deel te neem aan die nominasieproses sodat die NWU deur middel van toekennings erkenning kan gee aan uitblinker-alumni.

TWEE TOEKENNINGS VIR UITBLINKERS

Daar sal twee toekennings wees: die Alumni-toekenning en die Lewensprestasie-toekenning.

Om vir die Alumni-toekenning te kwalifiseer, moet alumni aan die volgende vereistes voldoen:

- Hulle moes 'n graad of diploma aan die NWU of een van sy voorgangers behaal het.
- Hulle moes uitnemende persoonlike of beroepsprestasies behaal het.
- Hulle moes voortreflike bydraes tot die gemeenskap gelewer het.
- Hulle moes beduidende leierskap getoon het op bogenoemde terreine.
- Hulle moet voortgaande toewyding aan die NWU toon.

Die Konvokasie mag besluit om uit die nominasies wat vir die Alumni-toekenning ontvang is, die Lewensprestasie-toekenning aan 'n uitsonderlike genomineerde toe te ken.

LEWENSLANGE BYDRAES

Die Lewensprestasie-toekenning vereer uitstekende individue wie se buitengewone lewenslange persoonlike en beroepsprestasies van hulle inspirerende rolmodelle vir die toekoms maak. Hierdie toekenning sal net op seldsame geleenthede toegeken word waar die kandidaat werklik buitengewone diens aan die gemeenskap gelewer het.

Die vereistes waaraan alumni moet voldoen om in aanmerking te kom vir die Lewensprestasie-toekenning is die volgende:

- Hulle moes 'n graad of diploma aan die NWU of een van sy voorgangers behaal het.
- Hulle moes uitsonderlike sukses op professionele, akademiese of navorsingsterrein behaal het.
- Hulle moet toewyding aan die gemeenskap en gemeenskapsdiens toon.
- Hulle moet as besondere rolmodelle vir huidige en toekomstige studente dien.
- Hulle moet voortgaande toewyding aan die NWU toon.
- Hulle moes nasionale en internasionale

erkenning ontvang het (byvoorbeeld aanstellings of toekennings).

- Hulle moes 'n uitsonderlike bydrae tot die samelewing gelewer het op nasionale of internasionale vlak.

Huidige lede van die uitvoerende komitees van die NWU se Raad en Konvokasie, asook lede van die Institusionele Bestuur kom nie in aanmerking vir die toekennings nie en mag dus nie genomineer word nie.

SO WERK DIE NOMINASIES

Amptenare van die NWU, alumni, permanente NWU-personelede, raadslede en lede van die Raad van Donateurs mag nou nominasies vir die Alumni-toekennings indien.

Nominasies word nie vir die Lewensprestasie-toekenning ingedien nie, aangesien die beoordelaars self kan besluit of hulle hierdie toekenning aan een of meer van diegene wat genomineer is vir die Alumni-toekennings, gaan toeken of nie.

Die nominasievorm wat in die *Eish!* is, kan vir nominasies gebruik word – maak seker dat al die velde voltooi word. Hou ook die kriteria soos uiteengesit, in gedagte, en verskaf deeglike motivering waar nodig. Nominasies moet voor of op 31 Maart 2013 by die institusionele registrateur (as sekretaris van die Konvokasie) ingedien word.

Die uitvoerende komitee van die Konvokasie sal die nominasies evalueer en die ontvangers van die toekennings sal tydens 'n alumni-dinee in September 2013 aangekondig word. Enige vrae oor die nominasieproses kan gerig word aan me Therina du Pisani in die kantoor van die Direkteur: Ontwikkeling en Alumni-verhoudings by 018 299 4156 of therina.dupisani@nwu.ac.za.

Voltooide nominasievorms en stawende dokumentasie kan gepos word aan me Therina du Pisani, Interne Bussie 612, Institusionele Kantoor, of gefaks word na 018 299 4605. Om die vorm elektronies te voltooi, gaan na die NWU se webwerf, maak jou taalkeuse en klik op Alumni onder "Inligting vir" en dan op die skakel na die nominasievorm.

TRADE identifiseer uitvoergeleenthede vir Suid-Afrika



Prof Wilma Viviers, die leier van TRADE (voor), kyk na die DSM DASHBOARD wat die DSM-model visueel voorstel. By haar van links is prof Riaan Rossouw, dr Ermie Steenkamp en dr Sonja Grater.

Hoe kan Suid-Afrika hoëpotensiaal-uitvoergeleenthede identifiseer?

Hierdie belangrike vraag is die kern van die navorsing wat gedoen word deur TRADE ("Trade and Development"), 'n navorsingsnisarea wat in Junie vanjaar in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroom-kampus tot stand gebring is.

Prof Wilma Viviers, die leier van TRADE, sê die internasionale markte is tans oorstroom met mededingend-geprysde produkte en dienste van opkomende lande soos Brasilië, Indië, China, Indonesië en Turkye. "Dit is dus baie belangrik dat Suid-Afrika sy benadering tot die keuse van uitvoerprodukte en -markte moet heroorweeg."

Die huidige navorsing wat deur 'n spesialis-groep by TRADE onderneem word, spruit voort uit 'n gesamentlike projek wat 'n paar jaar gelede deur prof Wilma en prof Ludo Cuyvers van die Universiteit van Antwerpen in België

onderneem is. Die doel daarvan was om 'n besluitnemingsmodel – bekend as die Decision Support Model of DSM – te ontwerp vir die identifisering van hoë potensiaal-uitvoergeleenthede vir Suid-Afrika.

SPANWERK WÉRK

'n Span van vier is tans besig met navorsing oor die DSM-model. Hulle is prof Wilma, die spanleier, prof Riaan Rossouw, dr Ermie Steenkamp en dr Sonja Grater, almal van die Skool vir Ekonomie.

Nadat die DSM suksesvol in België en Thailand toegepas is, is dit ten volle vir Suid-Afrika se handelsgewing aangepas.

Prof Riaan, die DSM-tegniese spesialis, sê uitvoer vereis uitgebreide kennis van waar die vraag na produkte is. "Die model verwerk 'n groot hoeveelheid data en identifiseer die belowendste produk-land-kombinasies vir baie presiese produkspesifikasies."

MILJOENE KOMBINASIES

Die DSM-proses ontleed eers miljoene produk-land-kombinasies wêreldwyd en filtreer dan die lande met lae uitvoerpotensiaal uit sodat die belowendste markte vir elke Suid-Afrikaanse produk oorbly.

"Die DSM wys ook realistiese produk-land-kombinasies uit wat in die verlede nie noodwendig ernstig oorweeg is nie," sê dr Ermie, wat spesialiseer in die gebruik van die model vir Afrika.

Die DSM-navorsing het ook gelei tot die daarstel van 'n rekenaarinstrument, die DSM DASHBOARD, wat die navorsingsresultate van die uitvoermodel op 'n gebruikersvriendelike manier aanbied en dit makliker maak om die resultate te interpreteer.

UITVOERDIENSTE

'n Opwindende nuwe ontwikkeling is die aanpassing van die DSM vir uitvoer van dienste. Hierdie inisiatief word gelei deur dr Sonja. "Dit sal Suid-Afrikaanse diensuitvoerders help om voordeel te trek uit die talle geleenthede wat bestaan in wêreldwye toerisme, mediese en ander professionele dienste markte," sê sy.

Die werk wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van die DSM is vervat in 'n boek, *Export Promotion: A Decision Support Model Approach*.

Om hul boek te bemark, het Prof Ludo in September vanjaar die DSM-resultate van Thailand se uitvoermoontlikhede by die European Institute for Asian Studies in Brussel in België aangebied. Nog 'n aanbieding en verdere bekendstelling van die boek word vir Bangkok in Thailand in Januarie 2013 beplan. Die boek kan bestel word by www.africansunmedia.co.za deur 'n soektog te doen na 'export'.

Behalwe vir die DSM-spanlede bestaan die TRADE-navorsingspan uit nóg 13 navorsers.

Hulle is tans besig met 'n navorsingsprojek in samewerking met die Wêreldbank om die handelsmededingendheid van die landbou- en ander sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie te bepaal, sowel as die verband tussen buitelandse investering en uitvoer.

Die Klein Romein is 'n man van vele talente

In ons reeks oor NWU-dekane kom prof Jan Swanepoel, die dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die Potchefstroomkampus, hierdie keer aan die beurt. Eish! het met hom gesels oor sy wye belangstellingsveld, sy fakulteit en sy gesin.



Daar waar die regte, filosofie en letterkunde ontmoet, staan prof Jan Swanepoel, of die Klein Romein, soos sy studente hom destyds genoem het toe hy vir hulle Latyn gegee het.

Vandag, as prof Jan terugkyk, kan hy onomwonde sê sy liefde vir Latyn – en ook vir die Romeinse kultuur – het posgevat tydens sy skooldae in Hoërskool CR Swart in Pretoria. Daar het sy Latyn-onderwyser, ene me S Nell, hom geïnspireer met haar kritiese en “ietwat sardoniese” uitkyk op sake.

Nog iets uit sy kinderdae wat later vorm sou gee aan sy loopbaan, was sy besoeke aan 'n biblioteek in Waverley, Pretoria. “In daardie klein biblioteek het nuwe wêreld vir my oopgegaan en het ek met groot werke uit die wêreldliteratuur kennis gemaak,” sê hy.

AKADEMIESE VOETSPORE

Hierdie vroeë blootstelling het jare later gelei tot 'n BA-graad met Afrikaans-Nederlands en Latyn as hoofvakke. Dié graad het hy in 1972 aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) behaal.

Hy het later ook Grieks en Algemene Taal- en Literatuurwetenskap op hoofvakvlak voltooi en hom formeel verder in die Filosofie ingegrawe.

Behalwe vir 'n jaar in Zoeloeland, lê sy akademiese voetspore op die oewer van die Mooirivier. Terwyl hy 'n dosent in die Departement Latyn was, het hy hier sy meestersgraad behaal, gevolg deur 'n DLitt in 1989 en 'n LLB in 1995.

Na die skielike dood van sy vriend en kollega, prof Peet van Niekerk, in 'n motorongeluk, het

Prof Jan geniet die uitsig tydens 'n vakansie in Desember 2009 in die Drakensberge.

hy in 1996 in sy plek as Regsfilosofie-dosent in die Fakulteit Regte begin klasgee, waar hy later Direkteur: Onderrig geword het. Tien jaar later, op 1 Mei 2006, het hy as dekaan na sy tuis-fakulteit, Lettere en Wysbegeerte, teruggekeer.

'N FAKULTEIT SO NA SY HART

Vandag is hy baie trots op dit wat sy fakulteit sedertdien bereik het.

“Lettere en Wysbegeerte staan bekend vir sy goeie onderrig en innoverende ingesteldheid,” sê hy. “Ons staan ook aan die voerpunt in taaltegnologie, grafiese ontwerp en ramp-risikobestuur en ons het verskeie musici van formaat opgelewer, veral sangers.”

Hy sê een van die fakulteit se uitdagings is om finansiële volhoubaarheid te verseker. Hy beywer hom ook vir groter filosofies-teoretiese diepgang in wetenskapsbeoefening en wil graag 'n sterk akademiese belangstelling by studente aanwakker.

Hy sê daar moet ernstig besin word oor die wêreldwye tendens dat die bestudering van die kunste geleidelik opsygeskuif word in 'n wêreld waar dissiplines soos natuur- en ekonomiese wetenskappe en ingenieurswese – broodnodig soos hulle is – al hoe prominenter word.

Die kunste, glo hy, behoort tot die kern van ons menswees.

“Om waarlik universiteit te wees, behoort 'n instelling die hele ensiklopedie van die wetenskap te bestudeer. Ideaal gesproke behoort die NWU weer drama en beeldende kunste, wat laat vaar is toe die PU vir CHO in 'n moeilike finansiële posisie was, terug te bring. En wie weet, miskien is die laaste woord hieroor nog nie gespreek nie.”

WOORDMENS

Prof Jan het drie digbundels op sy kerfstok en talle van sy gedigte is deur die jare in verskeie bundels opgeneem.

En ja, hy dig steeds, hoewel 'n dekaan se “rustige akademiese lewe” nie baie bevorderlik is vir digterskap nie, sê hy. “Die maak van poësie verg 'n soort peinsende denke, iets wat nie altyd moontlik is in 'n lewe waar jy nou hieroor en dan weer daarvoor 'n besluit moet neem nie.”

Vir hom het skryf 'n meer onbewustelike kant, iets wat saamhang met dit wat jy beleef.

Ons het die reg om te weet

Tydens sy loopbaan het prof Jan verskeie kere oor die reg op inligting geskryf en gepraat. Hier is sy mening oor hierdie aktuele saak:

“Ek glo, in lyn met ons Grondwet, dat 'n mens 'n reg op toegang tot inligting het. Respek hiervoor is onontbeerlik in 'n land wat die naam demokrasie waardig wil wees.

“Die huidige wetsontwerp wat die media aan bande wil lê, is simptome van 'n politieke bestel wat oorsensitief is vir die ontbloting van sy eie tekortkominge en vergrype. “Die reg op inligting hang ten nouste

WOORDE WAT SAAK MAAK

“Ek wag as't ware 'n gedig in en wanneer die gedig haar uiteindelik genadiglik aanmeld, skryf ek dit dadelik neer, somer op die eerste en beste stukkie papier. Dit begin gewoonlik by 'n eerste versreël, wat ek dan al improviserend verder ontplooi.”

Sy gunsteling Suid-Afrikaanse digter is NP van Wyk Louw, en een van sy geliefde versreëls is TS Eliot se “But our beginnings never know our ends!” “Hierdie woorde is baie waar van my akademiese loopbaan aan die PU vir CHO en die NWU,” sê hy.

NA AAN DIE HART

Hoewel hy nie graag kies tussen regte, filosofie en letterkunde nie, is die letterkunde tog sy hoofbelangstelling.

Behalwe die digkuns, lê prof Jan se gesin hom ook na aan die hart. Sy vrou, Rita, is 'n dosent in Kunstgeskiedenis. “Haar vakgebied is 'n belangstelling wat ons twee deel, anders as sport waaroor ek mal is, maar waarin sy hoege-naamd nie belangstel nie.”

Die egpaar het twee kinders. Rilette is 'n dosent in Engelse letterkunde op die Vaal-driehoekskampus van die NWU, en Daniël 'n navorsingstegnikus by die Soogdiernavorsings-instituut in Pretoria.

Die laaste woorde behoort aan die filosoof, Theodor Adorno, en is een van prof Jan se gunstelingaanhalings: “Wat is, is nie alles nie”. Hierdie woorde is beslis van toepassing op prof Jan – hy is baie meer as wat hy op die oog af blyk te wees. Daarvan getuig sy vele talente en belangstellings immers.

saam met die ewe belangrike regte op vryheid van mening en uitdrukking.

“Daarmee sê ek nie dat die media engeltjies is en sonder eie agendas optree nie, en ook nie dat hierdie reg heeltemal ongereguleerd moet wees nie. Geen reg is sonder wigte en teenwigte nie.

“Die reg op toegang tot inligting moet byvoorbeeld afgewee word teen die reg op privaatheid. Nogtans is die reg op toegang tot inligting van deurslaggewende belang vir 'n demokratiese bestel.”



Prof Jan Swanepoel en sy vrou en geesgenoot, Rita, is hier saam tydens sy verjaarsdagviering in 2008.

Ander interessantheide

Gunstelingboek: Herman Hesse se *Narziss und Goldmund*.

Gunstelingfleks: *Shadowlands* en *The Baker Boys*.

Dit laat my lag: Fyn woordspel en gevatheid.

Hierdie dier bewonder ek: Katte, want hulle is nie van hierdie wêreld nie.

Hiervan hou ek in mense: Integriteit, spontaneïteit en subtiliteit.

Beroemde persoon met wie ek graag sou wou gesels: Die Romeinse digter, Vergilius.

Hiervan hou ek niks nie: Die paspoort-gedoe op lughawens, verkeersknoppe en chroniese negatiwiteit.

My kosbaarste besitting: 'n Tekenning van 'n jong vrou deur Jean Welz.

Gunstelingstede: Kopenhagen, Amsterdam en Praag.

Dit wil ek nog graag doen: Moskou besoek en golf speel in die VSA op Augusta met sy vinnige setperke.

Wat min mense van my weet: Dat ek nogal 'n taamlike belangstelling in die finansiële wêreld en aandelebelegging het. Ook dat ek gereeld veilings bywoon en in pandjieswinkels na kosbaarhede soek, veral na fyn porselein.



Diefstal by die NWU

Misdaad is 'n gegewe van ons tyd en 'n instelling soos die NWU spring dit ongelukkig nie vry nie. Eish! het met me Christelle Foord en me Michelle Bownes van Werknemer-verhoudinge, mnr Werner Coetzee van Institusionele Regsdienste en me Madelein van der Merwe van Interne Oudit gesels oor die erns waarmee die NWU diefstal bejeën en wat die gevolge van so 'n daad is.

V: Wat wil julle graag vir personeellede sê oor diefstal by die NWU?

Werner: My boodskap is dat die NWU diefstal in 'n baie ernstige lig sien en dat mense wat van die NWU steel, beslis uitgang word – die universiteit se stelsels is net té goed om so iets weg te steek.

Madelein: Ja, dis net 'n kwessie van tyd voor sulke oortredings aan die lig kom, want met ons stelsels kan ons die volle omvang van die onreëlmatigheid tot sover as vyf jaar terug bepaal en ondersoek.

V: Hoeveel sake van diefstal was daar sedert 2007 by die NWU?

Christelle en Michelle: Tussen 2007 en 2010 was daar vyf sake van oneerlikheid. Hierdie oortreders het geld en goedere gesteel met die totale waarde van ongeveer R1,5 miljoen.

Vier van hulle was van die Potchefstroomkampus en een van die Mafikengkampus.

Verlede jaar het die NWU nege personeellede van die Potchefstroomkampus aangekla nadat hulle geld en goedere ter waarde van altesaam R602 300 gesteel het.

Hierdie jaar is sake van diefstal deur een personeellid by die Institusionele Kantoor en een op die Potchefstroomkampus by die polisie aangemeld sodat hulle krimineel vervolgt kon word. Die totale bedrag wat hulle na bewering gesteel het, was R390 000.

V: Wat gebeur gewoonlik met mense wat van die NWU steel?

Werner: Hulle word aangekla om voor 'n dissiplinêre komitee te verskyn en indien hulle skuldig bevind word, word hulle afgedank.

Die universiteit lê ook klagtes van diefstal teen hulle by die polisie, en nadat die polisie se

handelsmisdaad-eenheid die sake ondersoek het, word hulle aangekla om in 'n strafhof te verskyn op diefstalklagtes.

As hulle skuldig bevind word, het hulle daarna kriminele rekords.

V: En kry die NWU darem gewoonlik die gesteelde geld terug?

Werner: Ja, die NWU vries die skuldiges se pensioenvoordele en verlofgeld en verhaal die gesteelde geld – plus rente – daaruit.

Indien dit te min is om die gesteelde bedrag volledig te delg, word daar beslag gelê op hulle roerende bates en word dié op openbare veilings verkoop.

V: Steel mense gewoonlik groot bedrae?

Werner: Daar is dikwels ook kleiner sake waar personeel kos of klein items steel, maar wanneer dit by groter bedrae geld kom, is dit oor die algemeen meer as R100 000.

V: As mense sulke groot bedrae geld kan steel, beteken dit seker dat hulle in redelike hoë posisies aangestel moet wees?

Werner: Dit is óf mense wat deur bestuurders vertrou word en dan hierdie vertroue misbruik, óf dit is die bestuurders self wat beheer het oor sulke groot bedrae geld.

V: Hoe vind julle uit van sulke voorvalle?

Werner: Sogenaamde fluitjieblasers meld dikwels die gevalle by Interne Oudit aan, of andersins kom diefstal na vore wanneer die gereelde oudits gedoen word.

Madelein: Die personeel by die onderskeie betalingsafdelings is deesdae ook baie bedag om betalings wat onredelik of onduidelik is op te volg en navrae te rig, of om dit deur te gee vir Interne Oudit vir verdere ondersoek.

Die voorskot- en kleinkasbetalings – waar onreëlmatighede redelik maklik kan voorkom – word nou baie deeglik gekontroleer.

V: Ons praat nou van geld wat gesteel word, maar daar is ook ander maniere waarop mense steel, nie waar nie?

Werner: Ja, personeellede kan byvoorbeeld meer verlof neem as waarop hulle geregtig is, NWU-voertuie by die voertuigpark bespreek vir private gebruik, of langer oorsee bly as wat die kongres duur wat hulle bywoon, of hul gesinne saamneem op die NWU se onkoste. Daarby kan 'n mens ook akademiese oneerlikheid soos plagiaat voeg.

Madelein: Ander voorbeelde is dat hulle eise met vals fakture of bewyse voorlê vir betaling, of persoonlike uitgawes eis as universiteitsuitgawes.

V: Hoe kan personeellede oneerlikheid aanmeld as hulle bewus raak daarvan?

Madelein: Die prosedure vir aanmelding word uiteengesit in die NWU se beleid oor die rapportering van wanadministrasie en ongerymdhede en die beskerming van openbaarmaking.

Dié beleid is op die NWU-webwerf beskikbaar onder Bestuur en Korporatiewe Bestuur.

Personeel kan die vorm voltooi wat aangeheg is by die beleid en dit in een van die aanmeldingsbussies gooi.

Dié bussies is by die kampusse se administratiewe geboue en die Institusionele Kantoor se C1-gebou geleë. Personeel kan my ook bel of by die Institusionele Kantoor kom spreek.

Die persone wat die beweerde oortreding aanmeld se identiteit word beskerm indien hulle nie blootgestel wil word nie. Alle aangeleenthede word ondersoek en feite geverifieer.



Tlhalosi ya Medi ya Setswana omvat meer as 1 500 idiomatiese uitdrukkings en gee ook 'n aanduiding van die frekwensie waarmee woorde in die taal gebruik word.

Eentalige Setswana woordeboek bekendgestel

Die Mafikengkampus, in samewerking met Motsweding FM en Medi Publishing, het 'n nuwe eentalige Setswana woordeboek bekendgestel.

Die woordeboek – *Tlhalosi ya Medi ya Setswana* – is saamgestel deur prof Thapelo Otlogetswe van die Universiteit van Botswana en dokumenteer omgangstaal sowel as formele Setswana.

“Ons voel geëerd om 'n woordeboek te hê wat die trots en waardigheid van die Tswana-volk sal herstel,” het prof Dan Kgwadi, kampusrektor, gesê.

Die woordeboek is die eerste eentalige Setswana publikasie wat fonemiese transkripsies met toonmarkering en uitspraakhulpmiddels insluit.

Dialektiese variasies soos Sengwaketse en Sekgatla, sowel as terme wat uitsluitlik in die Suid-Afrikaanse Setswana-sprekende gemeenskap aangetref word, is ook ingesluit.

Hierdie indrukwekkende woordeboek verskaf ook etimologiese inligting en spoor die geskiedenis na van leenwoorde uit Engels of Afrikaans.

Nog 'n interessante kenmerk is die middelste gedeelte waar kwessies soos punktuasie en grammatikale tyd bespreek en verduidelik word.

Sokkerinstituut kry amptelike motorborg

Die Sokkerinstituut het 'n ooreenkoms onderteken met Westvaal-Volkswagen as sy amptelike motorborg.

Hierdie borgskap sal 'n langtermynvennootskap wees tussen die Sokkerinstituut en Westvaal-Volkswagen om die instituut en kampus te help om goed afgeronde sokkerspelers te ontwikkel. Die instituut het 'n Volkswagen Jetta ontvang. Die voertuig sal ná 20 000 kilometer of andersins na 'n jaar vervang word.

“Die borgskap is vir ons 'n groot eer. Hierdie ooreenkoms demonstreer die waarde van die instituut se nasionale trekkrag,” sê mnr Richard Bokveldt, die bestuurder van die Sokkerinstituut. Ter verstewiging van hierdie verhouding is die logo's van die NWU Mafikengkampus, die Sok-

kerinstituut en Westvaal-Volkswagen op die kar aangebring.

Sokkerinstituut gaan vooruit: Westvaal-Volkswagen is nou die amptelike motorborg van die Sokkerinstituut.



Gala-aand laat alumni terugverlang

Die Mafikengkampus het op 31 Augustus die geleentheid geskep vir meer as 100 van hul alumni om te netwerk tydens 'n gala-aand wat in die Great Hall op die kampus gehou is.

Tydens sy toespraak het die kampusrektor, prof Dan Kgwadi, gesê die gala-aand vier die voortreflikhede van die inspirerende alumni-uitblinkers wat in die sakesektor en regering werk tot voordeel van Suid-Afrika en sy toekomstige geslagte. Dr Theuns Eloff, die visekanselier, het gesê dit is altyd belangrik om te kyk na wat

die korporatiewe wêreld nodig het teenoor dit wat ons as universiteite aanbied. “Geleenthede soos hierdie moet die antwoorde bied en die weg baan om die twee sake te balanseer,” het hy gesê.

Die alumni – uit verskillende dele van die industrie en sakesektor – het ná 'n voortreflike ete met die satyngladde klanke van die kampus se jazzorkes in die agtergrond, die nag in gedans op maat van die liedjies wat die kampuskoor gesing het.

Van die alumni en gaste wat die gala-aand bygewoon het is van links mnr Dumile Mlambo van Bemarking en Kommunikasie, mnr Ntshokang Sekane, prof Dan Kgwadi, die kampusrektor, en mnr Oscar Sele.



Navorsers seëvier

Die Potchefstroomkampus spog met uitblinker-akademici en hierdie vier navorsers woeker met hul talente.

Prof Annamarie Kruger, navorsingsdirekteur van die Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHer), het die gesogte Vroue van die Jaar-toekenning van die Departement Wetenskap en Tegnologie (DWT) ontvang.

Sy was die wenner in die kategorie "Gevestigde navorser: Ontwikkeling van landelike vroue". Hierdie toekenning is gemaak ter erkenning van en beloning vir die werk wat sy gedoen het in hierdie veld.

Prof Minrie Greeff, 'n navorsingsprofessor by AUTHer, is as 'n nuwe lid van die Academy of Science of South Africa (ASSAf) verkies.

"Dit is 'n groot voorreg om as lid verkies te word en erkenning vir my werk te kry. Dit skep ook die geleentheid om met die beste Suid-Afrikaanse navorsers skouers te skuur wat die deur vir waardevolle navorsinginteraksie oopmaak."

Prof Esté Vorster van die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding is ook tot sekretaris-generaal van ASSAf herverkies. ASSAf is Suid-Afrika se amptelike nasionale akademie vir wetenskap en verteenwoordig die land in die internasionale gemeenskap van wetenskap-akademies.

Prof Alta Schutte, direkteur van die Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART), het 'n gesogte AU-TWAS Jong Wetenskaplikes Nasionale Toekenning ontvang.

ASSAf, die DWT, die Academy of Sciences for the Developing World (TWAS) en die African Union Commission (AUC) het 'n ooreenkoms aangegaan om 'n AU-TWAS Nasionale Toekenning vir Jong Wetenskaplikes op 'n jaarlikse basis vir die tydperk 2010-2012 toe te ken.

Die toekenning gee erkenning aan jong talentvolle wetenskaplikes wat in Afrika woon en werk. Vanjaar het prof Alta die prys in die kategorie lewens- en aardwetenskappe ontvang.

Om groen te wees begin hier

Pogings om 'n volhoubare koolstofneutrale instelling deur die Groenkampusinisiatief (GKI) te bewerkstellig, lewer goeie resultate.

Volgens mnr Jean-Marc Stidworthy, GKI-projekbestuurder, het die kampus verskeie projekte geloods om individue en gemeenskappe van die nodige kennis en hulpmiddels te voorsien sodat hulle 'n aktiewe rol kan speel om 'n groener toekoms vir almal te verseker.

Die kampus het 'n energiebesparingskompetisie in Mei van stapel gestuur wat die 11 mans- en 11 dameskoshuise uitdaag om te sien wie hul elektrisiteitsverbruik die meeste kan verminder. 'n Wenner word elke maand aangekondig en ontvang 'n finansiële aanspooring.

Tot dusver was dit baie suksesvol. Vergeleke met verlede jaar se statistiek, het die koshuise

hul elektrisiteitsverbruik met 280 291 kWh verminder en individuele studente bespaar 3,94 kWh. Wat geldwaarde betref, is dit 'n indrukwekkende besparing van R518 538.

Die kampus het ook vanjaar sy Ruilwinkel bekendgestel. Hierdie inisiatief moedig leerders by verskeie skole aan om herwinbare materiaal te ruil vir skryfbehoeftes, speelgoed en ander items, geskenk deur borge en/of self aangekoop. In die tweede week na die begin van die projek het leerders van President Pretorius Laerskool meer as 450 kg herwinbare materiaal ingeruil vir toiletware, sporttoerusting en baie meer.

Nog 'n inisiatief is die FLAGH-projek waar arm gemeenskappe 'n inkomste genereer deur herwinbare materiaal te gebruik om 'n verskeidenheid produkte te vervaardig.

Potchefstromers 'pimp' nou sypaadjies

'n Groep dosente is besig om die sypaadjies in Potchefstroom in groentetuine te omskep met die doel om verbygaande voetgangers die geleentheid te gee om groente verniet te pluk. "Pavement-pimping" noem hulle dit.

Mnr André Goodrich en sy vrou, me Pia Bombardella, het die projek saam begin en is albei antropologie-dosente. "Dit gaan nie net oor kos nie. Dis ook 'n vorm van burgerlike aktivisme – burgerlike ongehoorsaamheid met 'n groen kinkel," sê hy.

"Ons bring meer en meer van ons vrye tyd in ons huise agter elektriese heinings en sekuriteitsdeure deur. Mense versier die grond, pleks daarvan om iets daarop te produseer. Ons

wil mense aanspoor om die versperrings af te breek en by die gemeenskap betrokke te raak."

Saam met 'n paar vrywilligers het die egpaar sedert Oktober al sewe sypaadjies opgekikker en het hulle nou reeds 'n waglys.

Dié groente-aktiviste verskaf alles om die groentetuine van nuuts af te skep – al wat inwoners hoef te doen, is om hul sypaadjies te skenk en die tuine nat te lei. "Ons verwag dat van die tuine gestroop gaan word, maar hoe meer daar is, hoe onwaarskynliker die stropery," sê André. André verkies om 'n kombinasie van spinasie, mielies, pampoen en boontjies te plant.

Storie: Charl Blignaut (City Press)

"Pavement-pimping": Gemeenskapslandbou in stedelike gebiede verander konstant namate dit 'n wêreldwye neiging word, en nou is Potchefstroom ook in die kollig.



Kampus kroon sy eerste Mnr en Mej NWU Vaal

Dis was 'n glansgeleentheid waar koninklikes heel tuis sou voel. Die geleentheid was die kroning van die eerste Mnr en Mej NWU Vaal – 'n nuwe hoogtepunt in die geskiedenis van die Vaaldriehoekskampus.

Tydens die geleentheid het 18 finaliste van die verskillende koshuise op die kampus die loopplank betree om vir die kroon mee te ding. Die skouspel is deur die Direktoraat Studentesake by die Quest-konferensiesentrum aangebied. Die tema vir die aand was "Living the Spirit of the Olympics" en elke deelnemer het 'n spesifieke land verteenwoordig.

Nadat hulle in verskeie rondtes deelgeneem het, insluitende sportdrag, persoonlikheid, dans en formele drag, het die beoordelaars die punte bereken en die wenner aangekondig.



Dit span die kroon: Marissa van den Heever en Olivier Thimbidi (voor) is aangewys as die eerste Mnr en Mej NWU Vaal in die geskiedenis. Maserame Mokhachane en Brian Kheswa (tweede ry) was tweede, en Portia Phele en Jonathan Sokhosan (agterste ry) was derde.

Feather Fund gee drome vlerke

Vier jou akademiese erfenis en help ander om hulle drome waar te maak. Hierdie gedagte was die inspirasie vir die ontstaan van die kampus se Feather Fund tydens die alumni-reunie wat in September plaasgevind het.


Die fonds is die resultaat van 'n gesamentlike poging deur die alumnikantoor en die fonds-insamelingskantoor en is daarop gemik om minderbevoorregte studente te help om hulle drome waar te maak.

Op sy beurt sal dit daartoe lei dat die band tussen die verskillende geslagte alumni versterk word en 'n bydrae gelewer word tot die skep van 'n volhoubare toekoms vir die kampus en die gemeenskap wat dit dien.

Lede van die kampus se seniorbestuur en van die Alumni Advieskomitee het reeds tydens die alumni-reunie openlik hul steun aan die Feather Fund toegesê deur 'n onderneming van steun aan die fonds te onderteken.

Volgens me Lydia Mokgatle, die hoof van die fondsinsamelingskantoor, sal bydraes tot hierdie fonds lei tot die bou van 'n gemeenskap waar alle mense met menswaardigheid en respek behandel word.

Dr John Maloma, direkteur van die departement Bemaking en Kommunikasie, onderteken die onderneming om die Feather Fund te ondersteun.



Oorbrug gaping tussen onderwys en bedryf

Skaars drie jaar nadat die Nederlandse Inisiatief vir Kapasiteitsontwikkeling in Hoër Onderwys (NICHE) in Suid-Afrika van stapel gestuur is, het 'n samewerkingsooreenkoms tussen die Nederlandse Organisasie vir Internasionale Samewerking in Hoër Onderwys (NUFFIC) en die Vaaldriehoekskampus die weg gebaan vir die ontwikkeling van 'n unieke besigheidsinkubator- en kurrikulum-innovasieprojek.

Die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie is die tuiste van die multidimensionele BHive-projek (Bridging Business and Education by Establishing a Hub of Innovative Ventures and Expertise), en by 'n onlangse gala-geleentheid het dr Theuns Eloff, NWU-visekanselier, die opening van die projek se Onderne-

mingsontwikkelingsentrum (OOS) waargeneem. Hierdie sentrum werk baie soos 'n inkubator – dit skep 'n gekontroleerde en noulettend-gemoniteerde omgewing.

Binne hierdie gekontroleerde omgewing sal studente en jong entrepreneurs die nodige ondersteuning en leiding kry om die sukses van hul entrepreneuriese ondernemings te versnel.

Die sentrum sal dus dinamiese verhoudings tussen die bedryf en verskeie onderwysinstansies ontwikkel en handhaaf.

Alle programme wat by die OOS aangebied word, sal ook met die huidige kurrikulum van die betrokke grade geïnkorporeer word.

"Die fakulteit voel sterk daarvoor dat toepaslike onderwys die belangrikste bousteen van 'n suksesvolle Suid-Afrika is," sê prof Herman van der Merwe, dekaan, en voeg by dat dit dus van die uiterste belang is dat die kampus entrepreneuriese studente van hoë gehalte moet aflewer wat 'n positiewe impak op die toekoms kan hê.

Dr Theuns Eloff, visekanselier, knip die seremoniële lint om die Ondernemingsontwikkelingsentrum (OOS) te open.



NWU-kundiges kén hul storie

Lede van die NWU het onlangs weer by verskillende geleenthede hulle kundigheid met die gemeenskap gedeel – hetsy tydens toesprake of in onderhoude met die media. In hierdie deurlopende reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.



“ Myns insiens het die suksesvolle entrepreneurs op Aardklop hulself onderskei van die ander bloot op die wyse waarop produkte uitgestal en aangebied is. Selfs op 'n kunstefees soos Aardklop is dit belangrik dat die entrepreneur let op die estetiese wyse van aanbieding, prysetikette, die gebruik van kleur, nie te veel voorraad en vriendelike en hulpvaardige verkoops personeel wat nie net die item wil afsmeer nie. ”

Prof Tommy du Plessis, Potchefstroom Besigheidskool
Sake24.com, 11 Oktober 2012

“ Eko-toerisme en veral die Groot Vyf is vir Suid-Afrika van onskatbare waarde. Jagters weet presies wat 'n wilde dier vir hulle werd is, maar tot nou toe is die waarde van dieselfde dier nie binne 'n nasionale park bepaal nie. Ons studie het bevind dat toeriste bereid is om meer as R3 500 te betaal om die Groot Vyf in die Krugerwildtuin te kan sien. ”

Prof Melville Saayman, Navorsings-fokusarea: Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en die Samelewing (TREES), Potchefstroomkampus
Beeld, 1 Oktober 2012



“ Ek het media in my klasse begin gebruik en ek het 'n Facebook-profiel om interaksie met my studente te bevorder. Dit lyk of hulle heel gemaklik is daarmee. Dit help ook om die persepsies die hoof te bied dat wiskunde, wetenskap en fisika droë, rigiede vakke vir bleeksiele is. ”

Prof Dan Kgwadi, Rektor: Mafikengkampus
CEO magazine, 1 Oktober 2012



“ Gegewe die huidige ekonomiese toestande is die verlenging van alle driejaargrade 'n pypdroom wat nie gaan realiseer nie. Daar moet eers deeglik besin word omdat daar baie ander belangriker prioriteite in hoër onderwys is. ”

Dr Theuns Eloff, NWU-visekanselier
Beeld, 18 Oktober 2012



“ Ons het deur die jare talle joernaliste opgelewer wat in senior poste by Beeld en ander publikasies aangestel is, maar Jo van Eeden se aanwys as redakteur van die Volksblad is vir ons 'n eerste. Dat sy die eerste vroueredakteur by 'n Afrikaanse dagblad word, is eweneens 'n mylpaal waaroor ons bly is. ”

Prof Johannes Froneman, Skool vir Kommunikasie Studies
Beeld, 18 Oktober 2012

En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk in ons laaste kompetisie vir hierdie jaar gewen het:



Institusionele Kantoor:

Me Daphne Modisane, administratiewe assistent, Mensekapitaal



Mafikengkampus:

Me Manare Tshenye, bibliotekaresse, Biblioteek



Potchefstroomkampus:

Me Marolay van der Walt, klerk, Ferdinand Postma Biblioteek



Vaaldriehoekkampus:

Me Colleen O'Grady, senior administratiewe assistent, Tegnieiese Dienste

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het – ons maak volgende jaar weer so!

Geluk Geluk Geluk

Baie dankie aan almal wat die vraelys in die September-Eish! voltooi het. Ons het 'n goeie klompie insiggewende terugvoer ontvang en is besig om dit te verwerk. **Hou die eerste uitgawe van Eish! in 2013 dop vir meer inligting hieroor.**

Ons maak intussen graag die weners van die **R600 lukrake trekking** bekend – baie geluk aan die volgende gelukkige kollegas!



Institusionele Kantoor:

Me Madelein Gerber, administratiewe beampte, Finansiële Administrasie



Mafikengkampus:

Prof Oladeju Olowu, Skool vir Na-graadse Studies, Fakulteit Regte



Potchefstroomkampus:

Me Vernice Swarts, sekretaresse, Geografie en Omgewingstudies



Vaaldriehoekkampus:

Mnr Klasie Botha, laboratorium-assistent, Skool vir Inligtingstegnologie



KEHILWE MOGOÏWA

Mense wat myle stap

Die einde van die jaar is 'n oogwink ver en ons gebruik graag hierdie geleentheid om vir 'n laaste keer hierdie jaar erkenning te gee aan al die NWU-kollegas wat altyd bereid is om die tweede myl te loop in hul daaglikse werksverrigting.



PROF LEON VAN RENSBURG

Me Kehilwe Mogoïwa, bode by die Gesondheidsentrum op die Mafikengkampus is iemand wat nie aarsel om in te spring en te help waar dit nodig is nie. "Sy het gesien dat die departement nie 'n sekretaresse het nie en verrig nou sekretariële pligte met 'n glimlag en sonder dat sy daarvoor vergoed word," prys me Theresa Mokgoro, senior studentevoorligter van die Gesondheidsentrum op Mafikengkampus. "Sy is hardwerkend en altyd professioneel en geniet dit om met die studente te werk."

Volgens me Yvonne Visagie, senior laboratoriumtegnikus by die Skool vir Omgewingswetenskappe en -bestuur op die Potchefstroomkampus, loop **prof Leon van Rensburg**, direkteur van die Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur, gereeld meer as die tweede myl, nie net vir sy studente nie, maar ook vir sy personeel. "Baie dankie prof vir jou toegewydheid," sê Yvonne.



RIEËTTE VENTER

Me Saritha Marais, persoonlike assistent van die dekaan by die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus, gryp die kans aan om vir **me Rieëtte Venter**, senior administratiewe assistent by dieselfde fakulteit, te nomineer. "Rieëtte is die sagtewarekenner by die fakulteit en wanneer uitnodigings, programme of voorblaaie gedoen moet word, kan sy met net 'n idee vir jou presies dit wat jy nodig het, aanmeekaarsit," sê Saritha. "Sy is ook 'n perfek-sionis en dit is 'n plesier om saam met haar te werk, want jy hoef nie twee keer te vra nie!"



MARTIE VAN ZYL

Volgens me Ilze Combrinck, sekretaresse in die Skool vir Meganiese en Kerningenieurswese is daar twee personeellede van die Departement Inwoning en Voedseldienste op die Potchefstroomkampus wat vir haar die tweede myl gestap het. **Me Johanna Venter**, stoorbestuurder, doen altyd baie moeite om dit wat jy nodig het op te spoor en te help waar sy kan, terwyl **me Martie van Zyl**, stoorassistent, altyd vriendelik en gewillig help. "Hulle stoor is ook altyd netjies," sê Ilze.



JOHANNA VENTER

Dr Alvera Visser, administratiewe assistent by die IT-afdeling: Akademiese en Kantooroplossings in die Institu-

sionele Kantoor, neem haar kans waar om vir **me Zelda Friesling**, assistent van die bestuurder by die Potchefstroomkampus se Wetenskapsentrum, te komplimenteer vir al haar geduld en vriendelikheid. "'n Mens kan haar enige tyd nader vir hulp en sy is altyd bereid om ekstra by te doen en uit te vind en terugvoer te gee, altyd met geduld en vriendelikheid."

Me Lily Meyer, senior administratiewe beampte van Bestuursrekeningkundige dienste by die Institusionele Kantoor, se syfervermoëns het vir Me Suzette Weideman, koördineerder van psigologiese gesondheid by die Gesondheidsorgsentrum op die Potchefstroomkampus, so beïndruk dat sy haar vir die tweede myl moes nomineer. "Lily is briljant met syfers en help graag. Wat ek die meeste waardeer het van haar, is dat sy my in die proses geleer het en my eeffe slimmer gelaat het!"

Me Elsie Geldenhuys, senior administratiewe assistent by Interne Oudit by die Institusionele Kantoor, skroom nie om vir **me Yolande Kruger**, senior interne ouditeur by dieselfde afdeling, te nomineer nie. "Yolande het onlangs tot in die vroeë oggendure gewerk om sperdatums te haal," sê Elsie. Sy noem ook dat ander personeel Yolande prys vir haar uitstekende diens, vriendelikheid en deeglike werk.

Me Alta Victor, administratiewe klerk by Pos- en Koerierdienste op die Potchefstroomkampus, is deur mnr Will de Lange, senior administratiewe assistent by Akademiese Administrasie: Akademieserekord-navrae op die Potchefstroomkampus, genomineer as 'n persoon wat die tweede myl stap. "Sy het met pro-aktiewe en positiewe optrede 'n verlore pakkie nagespoor en opgevolg, terwyl sy gereeld terugvoer gegee het oor haar vordering. Sy het werklik uit haar pad gegaan om te help en die tweede myl gestap."

As jy graag 'n kollega wat die tweede myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer, stuur gerus 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za. Onthou om jou en die persoon wat jy nomineer se postitel en departement of skool ook in die e-pos aan te dui.



ZELDA FRIESLING



LILY MEYER



YOLANDÉ KRUGER



ALTA VICTOR

Menseregte raak almal

Die feit dat menseregte 'n saak is wat elkeen ten nouste raak, is bevestig deur die goeie opkoms by die Menseregte-seminaar wat op 26 September 2012 op die Potchefstroomkampus gehou is.

Sowat 65 personeellede van al drie die NWU-kampusse het tydens hierdie geleentheid in die Joon van Rooy-gebou byeen gekom om te luis-ter na prof Pieter du Toit van die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus wat oor die regte van misdaadslagoffers gepraat het.

Daarna het adv Rehana Rawat 'n wetlike per-spektief oor Artikel 23 van die Grondwet van Suid-Afrika verskaf. Sy het ook die gehoor toegesprek oor die reg van werknemers om in 'n veilige omgewing – vry van intimidasie en viktimisasie – te werk. Adv Rehana is sedert 1988 'n advokaat van die Hooggeregshof en praktiseer tans in Johannesburg.



Teenwoordig by die Menseregte-seminaar op die Potchefstroomkampus is agter van links prof Pieter du Toit van die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus en mnr Anton Scheppel, die direkteur van Werknemer-verhoudinge by die Institusionele Kantoor. Voor van links is adv Rehana Rawat van Johannesburg, prof Christo van Wyk van die Vaaldriehoekkampus en voor-sitter van die NWU se Institusionele Forum, en adv Solly Sithole, die voorsitter van die NWU se Menseregtekomitee, wat aan die einde van die jaar uitree as voorsitter.

Hierdie seminaar is die tweede wat vanjaar gehou is. Die vorige een is op 20 Maart by die Institusionele Kantoor gehou ter viering van Menseregtedag. Die seminare word deur die institusionele departement Werknemer-verhoudinge gereël, in samewerking met die NWU se Menseregtekomitee.

Die doelwit van die Menseregtekomitee is om om te sien na alle personeellede en studente se

regte, sonder om ander mense se regte skade te berokken. Klagtes oor beweerde mensereg-teskendings by die NWU kan gerig word aan humanrights@nwu.ac.za of tel 018 299 4816 of faks 018 299 4801.

Dieselfde kontakbesonderhede kan gebruik word indien iemand meer oor die NWU se beleid oor menseregte wil weet. Hierdie beleid is in September 2006 aanvaar.



Met dr Theuns Eloff, die visekanselier, aan die spits, het die NWU baie goed gevaar in 2012. Volgens nasionale meetinstrumente bevind die instelling hom nou in die geselskap van die voorste universiteite in Suid-Afrika, naamlik Kaapstad, Stellenbosch, Wits, Pretoria, KwaZulu-Natal en Rhodes. Met die toewyding en kundigheid van die NWU-personeel as dryfkrag, behoort die universiteit sy posisie in hierdie groep selfs verder te verbeter in 2013.



Me Madelein van der Merwe, direkteur van Interne Oudit in die Institusionele Kantoor, deel graag die volgende gesegde met ons:

"So 'n ruk gelede het ek deur 'n moeilike tyd gegaan nadat ek 'n standpunt ingeneem het oor 'n bepaalde saak, en moes ek aanvanklik baie kritiek daaroor verduur. 'n Baie wyse mentor in my lewe het toe die volgende gesegde van Alexander Hamilton met my gedeel en dit het vir my baie beteken:

**'AS JY NIE VIR IETS
STAAAN
NIE, SAL JY VIR
ENIGE IETS VAL.'**

Dit is maklik om kritiek te lewer as mense nie al die feite het nie, maar op die ou end spreek die feite vanself."

Het jy 'n gunsteling-gesegde of -aanhaling wat jou deur jou lewensreis bybly en wat vir jou spesiaal is of baie beteken? Deel dit asseblief met ons – ons gebruik dit graag in die volgende uitgawe van Eish!. Stuur asseblief die gesegde/aanhaling en oorsprong/outeur daarvan, jou kort motivering hoekom dit 'n impak op jou maak, asook jou naam, van, postitel en departement/skool aan marelize.santana@nwu.ac.za.



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT